

17 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 111 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 111:10

'n Loflied van A tot Z

Psalm 111 is 'n allermooi stukkie Bybel. Tien singverse. Lofklanke wat klink en verwondering wat vergestalt. 'n Nietige mens wat die Here loof.

Op die letterklanke van die Hebreeuse alfabet af vind die psalmskrywer stof tot lof ... Hy is besig in sy skepping én voorsiening én genade. Inderdaad, die psalm van die werke van die Here waaroor die skrywer nie uitgepraat kan raak nie:

- Sy geregtigheid
- Sy wonders
- Sy genade
- Sy barmhartigheid
- Hy voed mensekinders
- Sy verbondstrou is ewig
- Sy verlossingsdade

Van A tot Z lofwaardig. Volmaak en heerlik. Hy vorm en maak. Sy werksaamheid in die lewe van 'n nietige mens ... Alles verander. Jou klaaglied word 'n lofsang. 'n Lofprysing. Want die werke van die Here is nie finaal, gedane sake nie. Steeds gaan sy wonderdade voort. Genadedade in Christus Jesus en die Heilige Gees wat sy doenkrag in my bevestig. Dit in my waar maak dat die Here se wonderdaad 'n nuwe geboorte in my bewerkstellig het.

Wat 'n genade om dit te mag weet. Met verwondering en lof. Sensitief te besef wat die Here doen. En daarom is my lewe 'n loflied van A tot Z. Ek besef nie net wat Hy elke dag vir my doen nie, ek beleef dit ook: guns, geluk, genade, sin, seën, asem, 'n nuwe hart, moed, krag om my lewenstas te dra ...

Prys Hom, loof Hom, sê ek. Stilbly soos iemand wat die Here nie ken nie, kan ek nie. My lof kan én sal nie verstom nie. Sy dade is enkel majesteit.

Om die Here in sy daadkrag te ken, laat my sing. Want Hy doen so kragdadig. Halleluja! Ek loof U gans my lewe ... van A tot Z.

Sing: Psalm 148:1, 5 (1936)

Dr PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)